# I
# VOORWOORD
# VAN DIE OPSTELLER

Voordat sekere tegniese gebruike verduidelik word, net 'n paar kort opmerkings.

Enige tydskrif wat hom nie beperk tot een vakwetenskap nie, maar onder meer beide die natuur- en sosiale wetenskappe sowel as die Wysbegeerte dek, vereis veel van die opsteller van 'n indeks. Dit mag dus wees dat die indeling wat ek in die indeks gevolg het, nie presies ooreenstem met die gebruik in 'n bepaalde vakwetenskap nie. Om hierdie wesenlike probleem te ondervang het ek probeer om die *onderwerpsindeks* so gedetailleerd en omvattend as moontlik op te stel.

Hierdie indeks is opgestel met die uitsluitlike doel om dit so bruikbaar moontlik te maak vir die student of dosent. Met die oog hierop is die indeks in drie subindekse verdeel, naamlik die titelindeks, onderwerpsindeks en die outeursindeks. In elkeen is die titels van die artikels, die onderwerpe wat deur die artikels gedek word, en die outeurs van die artikels respektiewelik in alfabetiese volgorde geplaas. Dit beteken dat die student wat (a) slegs die titel van 'n artikel besit, in die titelindeks die artikel kan opspoor; (b) slegs die outeur van 'n artikel het, die outeursindeks kan nagaan en deur eliminasie die spesifieke artikel van 'n outeur waarna hy soek, kan opspoor; (c) oor 'n bepaalde onderwerp artikels soek, die onderwerpsindeks kan naslaan, en daaruit verwysings na die titelindeks sal vind oor moontlike artikels.

Telkens word deur middel van 'n inskrywingsnommer (wat vooraan die titel in die titelindeks staan) vanuit die onderwerps- en outeursindekse na die artikels verwys.

**Tegniese gebruike**

Die gebruiker van die indeks sal sy taak vergemaklik indien hy in gedagte hou dat:

(1) geen leestekens *in* die titel met die alfabetisering van die artikel in ag geneem is nie;

(2) alle lidwoorde (*die, 'n, a, the) aan die begin* van die titel geïgnoreer is;

(3) telkens vir *ij*, *y* gelees moet word;

(4) alle afkortings so ver moontlik in die titel as voluit uitgespreek gelees is, dit wil sê *Genl. de la Rey*, is gealfabetiseer asof daar staan – *Generaal de la Rey*, met die uitsondering van *voorletters* van persone wat die eerste letters van die titel vorm. In hierdie gevalle is die betrokke letters voor die *a* gealfabetiseer, byvoorbeeld:

0317 G.S. Preller as geskiedskrywer ...
0318 Gastronomie...
0319 Die gebed...
Dieselfde geld ook binne 'n titel, waar voorletters voorkom, byvoorbeeld:
0834 Prof. A.J.H. van der Walt...
0835 Professor A.J.H. van der Walt – 'n Waardering...
0836 Prof. D. Postma...
0837 Prof. D.J. du Plessis – 'n terublik...

J. Mouton
20 Junie 1978